# SLANGHOEKVALLEI-NAWEEK 2021

| ROETE: | BADSBERG/WATERVAL EN FYNBOS ROETE | DATUM: | 22-24 OKTOBER 2021 |
|---|---|---|---|

## KOMMENTAAR

Daar is een ding waarvan ons nou seker is, niks blus n stapper se lus nie, veral nie reën nie. Altesaam 25 stappers waarvan sommiges in huisies skuiling gaan soek het, ander in karavane en paar dapperes het tente opgeslaan met 'n weervoorspelling wat niks goed voorspel het nie. Vrydag nag tref 'n erge storm ons, maar almal is droog en veilig Saterdagoggend. Niel en Sharon het aktiwiteite en beplande stappe aangepas volgens die weer en Saterdagoggend het ons geskiedenis gemaak. Sanlam het die eerste keer eers gaan wynproe en plankie geëet voordat daar gestap word. Daar is 'n kompetisie van wie eerste die ouman se gesig in die berg kan raaksien. Danie en Susan het as wenners uitgetree. Die eerste stap begin in die Slanghoek-resort en gaan ons een-een oor 'n brug en begin 'n lang opdraand op sement pad. Ons stap daarna deur 'n olyfboord tot op die kontoer van die Badsberg, dieselfde pad as die Cape Epic fietse 2 dae tevore. Ons volg die pad langs die Slanghoekkelder tot in die hoofpad en stap padlangs terug tot by die kamp. Saterdagaand word daar pot gemaak wat amper die hele Slanghoek sou kon voed, met lemon squares as nagereg. Sondagoggend begin ons lekker vroeg stap. Ons ry tot by die dam by Platbos en begin stap die stadige, steil opdraand tot bo by die waterval. Die pad op is vol omgevalle bome en boulders wat ons lekker laat rek en strek. Edna bind toiletpapier soos ons loop want elke klip en boom lyk dieselfde. Dit het ons terugstap net soveel makliker gemaak. Toe ons oor die laaste rots klouter gee sommiges 'n gil van verwondering oor die mooi voor ons. Ons gaan lê op 'n plat klip op ons rug en kyk dan op na die waterval met die sproei wat ons lekker natmaak. Jy kyk amper tot in die hemel. Ons geniet middagete en foto's word geneem waarna ons weer af stap. Ons volg 'n ander pad deur die sprokieswoud en groot ronde klippe is almal bedek met groen mos en takke wat oor jou kop deurmekaar vleg, Dit is doodsil in die woud en neem ons eers weer 'n waterbreek om dit te geniet. Die laaste gedeelte is weer boulders en trap ons versigtig. UItsigte is fantasties. Dit is verder meestal afdraand en gelyk pad tot onder waar die motors parkeer is. Ons vertrek daarna vir die hoogtepunt van die naweek, die kleiduifskiet. Ons ontdek dat daar hele paar goeie skuts in die klub is en onder luide toejuiging vir 'n raakskoot, kry almal 5 skote. Die naweek is op sy rug en almal vertrek stuk-stuk terug Kaap toe. Niel en Sharon wil graag aan elke stapper groot dankie se vir hulle gemaklikheid. Julle was 'n ongelooflike groep mense. Hoogte geklim Saterdag 150m en Sondag 321meter = 471m

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Niel Visser | 2021053 | R 10 | 15 | |
| Sharon Visser | 2021054 | R 10 | 15 | |
| Michael Smuts | 2021111 | R 10 | 15 | |
| Estelle Smuts | 2021033 | R 10 | 15 | |
| Rene Schoeman Hodgson | 2021022 | R 10 | 15 | |
| Christiaan Smuts | 2021112 | R 10 | 0 | Nie gestap |
| Kobus Terbanche | 2021072 | R 10 | 15 | |
| Edna Terblanche | 2021073 | R 10 | 15 | |
| Estelle Zietsman | 2021032 | R 10 | 15 | |
| Paul Eek | 2021096 | R 10 | 15 | |
| Loisnita Eek | 2021097 | R 10 | 15 | |
| Carlo Eek | Nie-lid | R 20 | 15 | |
| Mieke Eek | Nie-lid | R 20 | 0 | Nie gestap |
| Wanda Pentz | Nie-lid | R 20 | 0 | Nie gestap |
| Steph du Toit | 2021001 | R 10 | 8 | |
| Mariaan du Toit | 2021002 | R 10 | 15 | |
| Danie Pienaar | 2021064 | R 10 | 15 | |
| Susan Pienaar | 2021065 | R 10 | 15 | |
| Esmay Josephs | 2021085 | R 10 | 7 | |
| Gerrit Nortje | 2021101 | R 10 | 0 | Gekanselleer |
| Marriette Nortje | 2021037 | R 10 | 0 | Gekanselleer |
| Nikolaas Pentz | Nie-Lid | R 20 | 8 | |
| Lewonia Thompson | 2021107 | R 10 | 15 | |
| Peter Thompson | 2021108 | R 10 | 15 | |
| Freddie Pohl | 2021090 | R 10 | 15 | |
| Susan Pohl | 2021089 | R 10 | 15 | |
| Waldemar Smuts | 2021034 | R 10 | 0 | Gekanselleer |
| Sandy George | Nie-lid | R 20 | 0 | Gekanselleer |
| Niel George | Nie-lid | R 20 | 0 | Gekanselleer |
| Desiree Timmet | 2021084 | R 10 | 15 | |
| | **TOTALE:** | **R 360** | **308** | |

| VERSLAG DEUR: | Sharon Visser |
|---|---|